SEPTEMBER - DESEMBER 2020

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

**Geroep om te Dien**

## CORONAVIRUS-MOONTLIKHEDE - DEEL 2

Party mense mag wel vra: "Waarom is Japansending betrokke by so baie gebiede van die uitreik?" Elke uitreik het begin wanneer ons van 'n behoefte bewus geraak het, en met baie gebede het ons die leiding van die Here gevolg hoe om hierdie behoeftes aan te spreek.

Ons het onvermoeid verskeie metodes gebruik, maar steeds gebly by die saai van die saad wat die kern is van Japansending. ***"Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie, en of altwee saam goed sal wees nie"*** (Prediker 11:6).

Japansending het deur die jare verskeie uitdagings in die gesig gestaar. Die coronaviruspandemie wat die wêreld getref het, het egter vir ons uitsonderlike uitdagings gebring. Pogings om met die ongereddes vriende te maak deur byeenkomste, Engelse klasse en die kafeebediening is alles geaffekteer. Ons is egter verstom om te sien hoe die Here ons werkers in die media en Engelse bedienings gelei het om byeen te kom en so 'n nuwe manier ontwikkel het om die ongereddes te bereik deur aanlyninteraksie.

Een metode wat Japansending oor baie dekades gebruik het om die ongereddes te bereik, is die ***Fontein van Vreugde***-traktaatjie wat 'n maandelikse publikasie is wat altyd 'n getuienis van redding bevat. Ongeveer 24 000 kopieë van hierdie traktaatjie is steeds ononderbroke na ongeveer 1 000 kerke en individue gedurende die pandemie versprei.

Ons het 'n paar bemoedigende berigte ontvang van hoe die Here hierdie publikasie gebruik het om harte te hervorm gedurende hierdie ongekende tye.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

| | |
|---|---|
| 7-40 MONZEN CHO | POSBUS 30106 |
| IKOMA CITY, NARA KEN | WONDERBOOMPOORT 0033 |
| 630-0266, JAPAN | Tel: (012)377-1533 |
| Tel: 0081-743731754 | 083 719 0227 |
| Faks: 0081-743731681 | Faks: (012)377-1533 |
| www.japanmission.org | sa@japanmission.org |

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

## NIE MEER PYN NIE

Die volgende is 'n getuienis van hoe hierdie maandelikse traktaatjie instrumenteel was in die redding van mnr. Nonoda.

Die fokus van die werk van Japansending is om die ongereddes te evangeliseer en die kerke van Japan te ondersteun. Die meeste van hierdie kerke is klein en het 'n behoefte aan literatuur, evangeliese programme, media-ontwikkeling en hulp van toegewyde Christenwerkers.

Terwyl ons bevriend raak en die evangelie deel met baie in ons area, kom ons in noue kontak met verskeie predikante. Die primêre rede hiervoor is dat Japansending nie kerke stig nie, maar soekers en die wat gered is deur Japansending, in aanraking te bring met plaaslike kerke.

Ds. Yoshida van 'n nabygeleë kerk is so 'n predikant. Hy was voorheen 'n graffitikunstenaar en is 10 jaar gelede gered, terwyl hy in die tronk sy vonnis uitgedien het vir sy oortredings. Na sy ontslag het hy 'n werk gekry waar hy met bejaardes gewerk het. Dit was daar waar die Here sy hart aangeraak het om 'n kweekskool by te woon en so 'n predikant geword het. Ons het onlangs sy merkwaardige getuienis in die ***Fontein van Vreugde***-traktaatjie gepubliseer.

Mnr. Noda, wat 'n ywerige Christenambagsman en 'n getroue lidmaat van die kerk was, het hierdie traktaatjie in 'n ander deel van Japan gekry. Terwyl hy hierdie traktaatjie gelees het, was hy beïndruk en het 'n geneentheid teenoor ds. Yoshida gevoel, omdat hy ook jare gelede gered is van sy misdadige lewenstyl.

Hy het baie van hierdie traktaatjies in sy gemeenskap versprei. Maande later was hy instrumenteel betrokke by 'n uitnodiging aan ds. Yoshida om as gasspreker by hulle kerk op te tree.

Intussen het die Here mnr. Noda gelei om vriende te word met mnr. Nonoda, wat ook een van hierdie traktaatjies ontvang het. Mnr. Nonoda het geïnteresseerd begin raak in Christelikheid en die kerk 'n paar keer bygewoon.

Hy het later siek geword en in die hospitaal beland. Ongelukkig moes die dokter albei sy bene amputeer as gevolg van diabetiese komplikasies. Toe mnr. Nonoda 'n maand later ontslaan is, was hy ontredderd en kon net huil oor sy erge lot om aan 'n rolstoel gekluister te wees.

Mnr. Noda het toe besluit om mnr. Nonoda na sy huis toe te nooi. Dan sou hy nadat ds. Yoshida by die kerk gepraat het hom gevra het om sy getuienis met mnr. Nonoda te kom deel.

Terwyl ds. Yoshida gepraat het, was mnr. Nonoda verras en het gesê, "Ek ken jou! Jy is die man van wie ek gelees het in die traktaatjie." Dit het vir hom gevoel asof hy ds. Yoshida ken en dat hy iemand gevind het teenoor wie hy sy hart kon uitstort!

Ds. Yoshida het hom verseker dat Jesus hom lief het en na hom sal omsien, en hom aangemoedig om sy hart vir die Here te gee. Hy het ook gedeel hoe hy 'n nuwe liggaam sou kry en dat daar geen pyn of lyding meer sal wees in die hemel nie (Op. 21:4).

Daardie dag het mnr. Nonoda die Here Jesus aangeneem as sy persoonlike Verlosser en gesê dat hy sal begin om die kerk by te woon. Prys die Here!

Dit is bemoedigend om te sien hoe die Here hierdie maandelikse publikasie gebruik om lewens aan te raak tydens hierdie ongekende tye waar sosiale afstand die norm begin word het.

**Bid** dat mnr. Nonoda sal aanhou om die kerk by te woon, sy Bybel te lees en die Here te vertrou om hom te help met sy swaarkry.

## CORONAVIRUSOPDATERING

Gedurende April en Mei 2020 het die meeste uitreikaktiwiteite tot stilstand gekom, aangesien 'n noodtoestand in Japan afgekondig is as gevolg van die coronaviruspandemie en mense is aangemoedig om hulleself in hulle plekke te isoleer.

Desnieteenstaande het God gewys dat Hy soewerein is en sy werk uitvoer, ten spyte van die moeilikhede. Toe sosiale byeenkomste beperk is, het die Here Japansending-werkers gelei om in kontak te

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - “BID VIR ONS”**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie ’n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal ’n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 1/7/2020, 20/7 Bybels vir Sjina, 4/8 Bybels vir Sjina, 1/9 Bybels vir Sjina.**

**ABSA BANK:- 1/7, 2/7 NLM, 7/7, 21/7, 24/7, 29/7 Bybels, 31/7 Kleinmond, 2/8 NLM, 12/8, 28/8 Bybels, 2/9 NLM, 3/9, 22/9 Bybels, 2/9 NLM, 3/9, 22/9 Bybels, 28/9 Bybels.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. ’n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of ’n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

bly met baie mense deur aanlyn Bybellesse en Engelse klasse te gee.

Gedurende Juniemaand het die uitreikaktiwiteite stadigaan weer hervat. Hoewel Japan ’n tweede vlaag van COVID-19 gedurende Augustus beleef het, was daar baie minder sterftes. Die hoofrede hiervoor het geblyk dat die ouderdomsgroepe wat geaffekteer is, baie jonger was.

Gedurende September het 90% van Japansending se uitreikaktiwiteite voortgegaan omdat sosiale afstand, sanitasiemaatreëls en maskers dra te alle tye in plek was.

Engelse evangeliese klasse het weer hervat in die kerke, mense het begin om ons buiteaktiwiteite van die kafee by te woon en ons het ook begin om evangelistiese byeenkomste te hou.

**Bid** vir wysheid, beskerming en sterkte vir die Engelse onderwysers wat addisionele verantwoordelikhede het, soos die skoonmaak van die klaskamers tussen klasse en daarby ook toesig te hou dat sosiale afstand en die dra van maskers steeds in plek is. Hulle moes ook die uitdagings in die gesig staar om hulle aktiwiteite en kurrikulum aan te pas by die nuwe situasie.

Aan die begin van die pandemie was ons verslae en gedryf tot gebed. Wanneer ons terugkyk, staan ons verwonderd oor God se getrouheid en hoe Hy die pad vorentoe vir ons oopgemaak het!

Ons het gesien dat God getrou gebly het aan sy belofte om vrede te gee aan sy dienaars te midde van uitdagende tye. ***“U bewaar elkeen wat op U vertrou in vrede, die mense wie se gedagtes op U gerig is”*** (Jes. 26:3)

## *DIE DRA VAN MASKERS IN JAPAN*

Om jou mond toe te maak met ’n gewyde bedekking om te vermy dat onsuiwer asem godsdienstige rituele en feeste besmet, gaan so ver terug as die Edo Periode (1603-1868).

Gedurende die Spaanse griep het teen 1920 ’n geraamde 450 000 mense in Japan gesterf. Opvoedkundige plakkate van daardie tyd beeld slagspreuke uit soos ‘Roekeloos is diegene wat nie maskers dra nie’.

Die Japannese het lankal reeds oorwegend geglo dat om maskers te dra in die publiek sinoniem is aan etiket en higiëne. Gedurende 2020 het die Japannese Regering nie ’n enkele wet nodig gehad om mense maskers te laat dra nie. Steeds dra oor die 95% Japannese maskers in die publiek.

## *GEBEDSVERSOEKE*

1. **Bid** vir Sunette Hugo wat teruggekeer het na Suid-Afrika aan die einde van Oktober. Sy het afgetree na 13 jaar van getroue diens. **Bid** dat sy goed sal aanpas by haar nuwe lewensomstandighede.
2. **Bid** vir wysheid en insig vir Eliezer Tyree van die VSA wat in November by ons kom aansluit het om te help met baie van die onderwys- en evangeliese verantwoordelikhede in verskeie kerke.
3. **Bid** vir die baie saad wat gesaai is by die buitelugdagkamp, wat gehou is in November met omtrent 60 mense van die gemeenskap. Baie het aandagtig geluister na die evangelieboodskap wat gedeel is.
4. Kersfees is ’n spesiale tyd van die jaar wanneer baie Japannese mense besonder ontvanklik is vir Christelikheid. **Bid** dat baie bereik sal word deur Kersfeespartytjies en geleenthede wat gehou sal word.

## *SPESIALE DANKBETUIGING*

Ons wil elke persoon bedank wat getrou gebid en die werk van Japansending ondersteun het gedurende 2020. U het ’n belangrike rol gespeel om die Here se werk te bevorder. Ons prys die Here vir baie saad wat gesaai is, die veranderde lewens en sy getroue voorsiening. Dankie vir die wyse waarop u ons steeds ondersteun om uit te reik na die verlorenes. Ons word daardeur baie bemoedig!

***▪ Mag HY vir u seën tydens hierdie Christusfees en vir u bewaar en gebruik in Sy diens gedurende die onbekende Nuwe Jaar. As ’n blyk van opregte waardering stuur ons graag aan u ’n kalender vir 2021.***

***Indien daar enige verandering aangebring moet word aan u adres op die koevert waarin u die brief ontvang het, sal ons dit baie waardeer as u ons asseblief sal laat weet.***